# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL | EERSTE UITGAWE 2023



# Affies bou op sy geskiedenis

bladsy 3

## LEEFWYSE



Die nuwe graad 8's het op 25 Januarie tydens die inhuldigingsfunksie in die Potgietersaal volwaardige Affies geword.
Op die foto bo help meester James Gerber met die knoop van dasse voor die inhuldiging. By hom is De Villiers Martins en Blessing Mashile. Lees meer hieroor op bladsy 7.

## AKADEMIE




Die graad 11-Toerisme-leerders het die privaat stasie van Rovos Rail vroeg in Januarie besoek. Hulle kon deur die luukse treinwaens stap en ook in die werkswinkels kyk hoe die waens gerestoureer en onderhou word.
Op die foto bo is Eacon van Zyl, Tiaan La-Cock en Anrigh van Graan.

## SPORT



Ná 'n reeds bedrywige seisoen het die eerste waterpolospan einde Februarie na Bloemfontein gereis en 'n tweede plek in die Grey Kollege Toernooi behaal. Op húlle beurt het die tweede span by die Northwood School Toernooi in Durban kragte gemeet en derde geëindig. Die res van die spanne het dieselfde naweek teen King Edward School van Johannesburg gespeel.

# REDAKSIONEEL

-Gil Hood-

Broederskap is 'n komplekse en veelvuldige emosie wat al vir eeue in die menslike geskiedenis bestaan. Dit is 'n krag wat tyd en kultuur oorskry, dit het die mag om broeders bymekaar te bring op maniere wat geen ander ding kan nie. Vir die leerlinge van 'n tradisionele en historiese Afrikaanse seunskool is broederskap en kameraadskap 'n konsep wat welbekend is, wat 'n intergrale rol in hul lewens speel – sonder rede en logika.

Aan die einde van die dag is broederskap 'n fundamentele deel van die Affie-ervaring. Dit is 'n krag wat ons vorentoe dryf, wat ons bymekaar bring, en wat ons 'n hoop en 'n doel gee in 'n wêreld wat soms koud en alleen kan voel. Hierdie broederskap is 'n konsep wat nog vir jare sal voortleef om te verken en te vier, 'n Kameraadskap wat net verduidelik kan word met 'n harde (of mooi) Power, 'n samesyn wat net verduidelik kan word met die knoop van 'n Affie-das of die opsit van 'n Affie-pet. 'n Konsep wat werklike betekenis kry met die oorgee van die laaste stokkie tydens 'n Witblits-aflos, 'n duik en 'n swem, 'n laaste noot wat gesing word, of selfs om na 'n lang dag van skool 'n bietjie op die veld te gaan "swem". Vir alle Affie-manne is broederskap 'n konsep wat onmiddellik vier woorde by hulle laat opkom: "LAAT DAAR LIG WEES".

## Redaksie

Gil Hood (redakteur), Andru van Zyl, Joshua van Zijl, Adriaan Nel, Deon Spies, Dieter Schubert, Ignus Ferreira, Altus Weiman, Stef Pretorius, Tiaan Loots, Niel Grobbelaar, Deon Koegelenberg, George Gie en John-Thomas Swanepoel

# AFFIE-PET VIER AMPTELIK SY DERTIGSTE VERJAARSDAG



Foto: Mia Slabbert

Die Affie-pet is vanjaar dertig jaar oud en word steeds met groot trots gedra.

Affies het dit wel sedert die jare sestig by geleentheid gedra, maar die pet het sy ámptelike status in 1993 gekry. Sedert 2021 dra alle graad 8's hulle pette elke dag saam met hulle skooldrag.

"Die pet maak Affies uniek," sê hoofman Naudé Lourens. "Dis 'n simbool van Affie-wees. Ek onthou in standerd ses was my meester baie trots op sy pet. Nóg 'n trotse petdraer was oud-Affie Wernich Barkhuizen (matriek 2022). Hy het elke liewe dag sy pet gedra en gewys hoeveel hy vir vir die skool omgee."

# Welkom!!!



-Gil Hood-

Nie minder nie as 11 nuwe personeellede het in Januarie by die Affie-familie aangesluit. *Stroom-op* wens hulle 'n gelukkige tyd by Affies toe. Voor sit mee. Annatjie Collett (Finansies), Gerda Nel (Geskiedenis en Lewensoriëntering), Annelize McDonald (Remediërende onderwys) en Tertia van Tonder (Departementshoof: Fisiese en Lewenswetenskappe). Agter staan mnre. Jared de Beer (Engels), oud-Affie 2017, Jan-Albert de Kock (Inligtingstegnologie en Rekenaartoepassingstegnologie), Adriaan Smit (Engels), Kevin Jansen van Rensburg (Onderwysassistent: Engels), Francois Schuld (Lewensoriëntering en Afrikaans), oud-Affie 2010, Ryno Niemand (Gimnasium) en Marinus Pawson (Wiskunde).

Me. Van Tonder het die pos reeds aan die einde van verlede jaar gevul en me. McDonald was vroeër in 'n deeltydse hoedanigheid aan die skool verbonde.

# Fynn geniet rugby en broederskap

-Tiaan Loots-

Fynn Clark uit Duitsland was vir die eerste kwartaal van 2023 'n volbloed Affie! Dié Berlyner het hom van die begin af voluit ingegooi by al die bedrywighede hier – van pawiljoenondersteuning by die atletiek, tot die rowwe rugbyproewe aan die einde van kwartaal 1.

"Ek speel rugby in Duitsland," vertel Fynn, "en ek het dit baie geniet om aan die proewe te kon deelneem. Rugby is natuurlik hier op 'n totaal ander vlak en ook die hitte waarin die ouens hier speel, was vir my 'n uitdaging. Ons weer in Berlyn is natuurlik heelwat koeler.

"Een van die lekkerste dinge hier by Affies is die gevoel van eenheid, lojaliteit en broederskap wat 'n mens beleef. Ek het sulke goeie vriende gemaak. Wat natuurlik ook anders is, is die feit dat ons in Duitsland nie skoolklere of uniforms dra nie. Al jou buitemuurse aktiwiteite is in klubs en skole kompeteer nie teen mekaar soos hier nie.

"Akademiese klasse hier was lekker en ek het veral die Duitse klasse by me. Ronel van Niekerk geniet."

As deel van die FSA-studente-uitruilprogram is Fynn vir ses maande in Suid-Afrika. Hy het in Pretoria by Andries Coetzer en sy ouers gebly, maar pak nou die volgende deel van sy uitruiltyd in Kaapstad aan.



# *Pi-dag gevier!*



Die skool het op 14 Maart Pi-dag gevier en die Wiskunde-departement (foto links) het vir dié geleentheid hul spesiale T-hemde gedra en die res van die personeel op heerlike appeltert (of "apple PI") trakteer.

# Me. Stoffberg verwerf haar doktorsgraad



Affies is baie trots op me. Karin Stoffberg wat onlangs haar PhD in Rekenaargesteunde Onderrig aan die Universiteit van Pretoria verwerf het. Haar navorsing het gegaan oor die gebruik van tegnologie in die aanbieding van programme vir jeugbewegings, met 'n spesifieke fokus op die aanbied van kentekens vir Voortrekkers.

Volgens me. Stoffberg het sy gekies om ontwerpgebaseerde navorsingsmetodiek te gebruik vir haar doktorsgraad, omdat dit dan uiteindelik nie net teoreties is nie, maar ook 'n praktiese toepassing het.



# ONS BOU OP DIE VERLEDE

-Dieter Schubert-

Gaste by die bekendstellingsfunksie kon die klasse en geriewe van naderby bekyk.



Die 2022-bouprojek is met sukses afgehandel en die nuwe klaskamers en kantore is op 26 Februarie met groot vreugde ingewy. Al die betrokkenes, donateurs en gaste was by die skool byeen waar mnr. Peregrine Joynt almal vir hul aandeel in die projek bedank het.

Die bouwerk het die 14 nuwe klaskamers wat langs die B- en C-rugbyvelde gebou is, ingesluit, sowel as die gedeelte langs die kafeteria wat ekstra RTT-klasse, die Affie-winkel en die skakel- en sportkantore huisves.

Dr. en me. Edwards (foto bo) het hierdie deel van die projek amptelik geopen, terwyl me. Elmarie van Loggerenberg (adjunkhoof: Akademie) die voorreg gehad het om die lint vir die nuwe gebou, wat in sy boustyl aan die Jouberthuis herinner, te knip. Spesiaal vir die geleentheid het mnr. Dirk Taljard (skakelbeampte) ook 'n boekie saamgestel oor die bougeskiedenis by die skool, wat aan die gaste uitgedeel is.



Me. Elmarie van Loggerenberg en die hoof, mnr. Peregrine Joynt



# Totsiens ná 'n kwarteeu van diens!

Mnr. Deon Botes, adjunkhoof vir Openbare Betrekkinge en Sport het aan die einde van verlede jaar 'n pos as hoof van krieket by Paul Roos Gimnasium aanvaar. Die Wes-Kaapse onderwysdepartement het sy aanstelling in Januarie bekragtig en hy verlaat Affies na 25 jaar van voortreflike diens.

Mnr. Botes het sedert 1998 hoofsaaklik Ekonomie gegee. In hierdie tyd was hy voog vir die graad 8's en het as hoof van die Departement Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gedien.

In 2011 is hy deur die beheerliggaam tot Adjunkhoof vir Openbare Betrekkinge bevorder en sedert 2017 was hy ook die sporthoof van die skool. Hy was 20 jaar lank afrigter van die eerste krieketspan en die stukrag agter die sukses van Affie-krieket. Hy het dié sportsoort verder as afrigter en keurder op nasionale vlak gedien. Hy was ook vir baie jare as rugbybreier langs die sportveld.



As Adjunkhoof vir Openbare Betrekkinge het hy in 'n baie gemaklike en vloeiende styl talle deurdagte aanbiedinge gelewer. Dit het deurgaans 'n baie positiewe indruk van Affies geskep.

Mnr. Botes sal veral onthou word vir die wyse waarop hy die seuns se belange op die hart gedra het. Sy strategiese denke op bestuursvlak, veral rondom die uitbouing van Affie-sport, was van onskatbare waarde.

Hy en sy gesin het hulle nou op Stellenbosch gevestig, waar sy vrou Marietjie op haar beurt 'n pos by die Universiteit van Stellenbosch aanvaar het.



Mnr. Deon Botes het deur die jare 'n reuse-invloed op Affie-krieket gehad en het legendes soos AB de Villiers en Faf du Plessis afgerig. Hier is hy saam met dr. Edwards, AB de Villiers en dr. Ali Bacher.

# Deelnemers aan internasionale musiekkompetisie maak litte los by Affies

Twee oorsese pianiste, Anna Leyerer van Rusland en Seung Ree Lee van Korea (foto onder), het einde Januarie ter voorbereiding van die MANSH Internasionale Klavierkompetisie 'n optrede by die Affie-kunstekampus gehou.

Hierdie kompetisie, 'n inisiatief van die Musikakademie Neue Sterne in Hannover, Duitsland, is by die Afriforum Teater in Menlopark aangebied. Anna Leyerer is uiteindelik as wenner van die kompetisie aangewys.



# MATRIEKS VAN 2022 BEÏNDRUK MET UITSLAE

-George Gie-

Die matrieks van 2022 en hulle onderwysers kan voorwaar trots wees op voortreflike uitslae.


Die groep van 235 kandidate het 'n 100%-slaagsyfer behaal. 92,3% (217) het universiteitstoelating verwerf en die ander 18 kandidate kwalifiseer vir diplomastudies.


Die Affie-kandidate het saam 478 A-simbole behaal – dus twee per kandidaat. Die gemiddelde persentasie per kandidaat (alle leerlinge en alle vakke ingesluit) is 70,5%.

Affies se kandidaat wat die meeste onderskeidings behaal het, is Carel Olivier met nege A's. Ses 2022-matrieks het met agt onderskeidings geslaag. Hulle is Joshuan du Toit, Mikail Köhler, Markus Nel, Marx Nel, Gerno Strydom en Ryan Sutherland (foto's links).


Carel Olivier


Marx Nel


Joshuan du Toit


Gerno Strydom


Mikail Köhler


Markus Nel


Ryan Sutherland


Die afhaal van die matriekuitslae in Januarie sorg jaarliks vir groot opwinding onder die voormalige matrieks. Van links is Hendré Botha, Pierre Stobbe, Christoff Yssel en Jaco Matthee.

# Ekologie en ekosisteme bo!

-Stef Pretorius-


Zirk Meyer, Andru van Zyl, Aiden Murray, Luhan Potgieter, Matthew Seymore en Reghard Schönborn met 'n zebra-skedel wat hulle in die veld opgetel het.

Die graad 10's met Lewenswetenskappe as vak het vroeg in Februarie by die Groenkloof Natuurreservaat gaan veldwerk doen. Hulle het in groepverband ekologiese studies gedoen en verskillende ekosisteme bestudeer.

Die groep is bygestaan deur gidse van die reservaat, wat hulle gehelp het om plante en diere te identifiseer om meer oor die omgewing se biodiversiteit te leer.

# *Innovasieklub het nou hul eie tuiste!*

Die Innovasieklub word nou uit kamer 17 bedryf en is elke dag in pouses en ook ná skool aktief.

Volgens mnr. Kenny Erasmus is dié nuwe ruimte veral voordelig omdat die toerusting nie soos verlede jaar in die mediasentrum weggepak moet word nie.

Toerusting wat tans beskikbaar is, is 3D-penne, 3D-drukkers, virtuele realiteitkopstukke, Arduino-stelle en hommeltuie. Verder word daar ook legkaartprogrammering, robotika, lasergravering en snywerk gedoen.


Gustav Breetzke en Jan-Daniël Bouwer in graad 10 het dié mooie skoolwapen met die Innovasieklub se 3D-penne geskep. Dit het hulle veertien ure geneem om te voltooi. Dié kunswerk gaan nou in die Innovasiesentrum uitgestal word.


Stephan van der Walt en Tristan Erasmus (lasergravering), Jean le Roux (hommeltuig), Fourie du Plessis (3D-drukker), Tyrone Walker en Edwin Diederiks (3D virtuele realiteit) en Ethan Bruwer (3D-penne) staan hier met die toerusting voor een van die robotika-tafels.


# Akademiese "voor" manne ...

-Stef Pretorius-


Dux-Leerlinge vir 2022

Al die akademiese presteerders by Affies het op 8 Februarie tydens die jaarlikse akademiese prysuitdeling erkenning gekry. Dis veilig om te sê dat veral die manne hieronder die vrugte kon pluk van hul harde werk gedurende die jaar. So indien jy lus voel om huiswerk af te skryf, is hiérdie die ouens om te vra ...

In 2022 het 54 graad 11's, 38 graad 10's, 51 graad 9's en 45 graad 8's akademiese erekleure gekry.


Graad 11
Wian van Rooyen


Graad 10
Frikkie Janse van Rensburg


Graad 9
Iddo van Daalen


Graad 8
Ivan Pope

# Debat vroeg op die voorvoet

-Neil Grobbelaar-

Die debatspanne het weer hulle sê gesê in die Gauteng-Noord-rondte van die ATKV-debatskompetisie en het méér semifinaliste as enige ander deelnemende skool opgelewer. AHS het agt junior- en agt seniorspanne ingeskryf wat aan 16 debatte deelgeneem het. Van hierdie debatte het hulle 12 gewen. Daar dring uiteindelik ses junior en agt senior spanne deur na die semifinaal wat in Meimaand plaasvind.

Om hierdie rekord as voorste debatskool in Pretoria te behou, het die manne reeds direk na afloop van die debatuitdunne in November verlede jaar begin oefen.

Die Affie-debatteerders was ook vroeg in Januarie van die eerste leerders by die skool toe hulle op 6 Januarie na The Conclave Country Lodge vertrek het vir 'n debatkamp. Afrigters het vir die spanne inligtingsessies aangebied en ook mnr. Joynt het 'n draai gemaak om met die juniors te praat oor hul onderwerp, "voedselsekerheid".

In die junior afdeling is Alexander Coetzer Kristensen, Werner Victor en Paul-Ralph Smit asook James Roets, Hendrè Lombaard en Jùan Ferreira deur na die volgende rondte. Die semi-finaliste by die seniors is Neil Grobbelaar en Jacques Ferreira; George Henderson en Adriaan Nel, Ignus Ferreira en Wian van Rooyen, asook Hechter Ferreira en Andru van Zyl.



Andru van Zyl en Hechter Ferreira saam met hulle afrigter, dr. Gustav von Bratt

# KOORKAMP NIE NÉT VIR SING NIE!

Ignus Ferreira





Die koor het tydens die gebruiklike koorkamp die jaar op 'n hoogtepunt begin wat weer by die Achterberg-kampterrein naby Krugersdorp gehou is. Die groep het báie ure ingesit om nuwe musiek in te studeer, maar daar is natuurlik ook tyd gemaak vir boeresport(s) en kuier.

Al die nuwe koorlede het ook aan die einde van die kamp geleentheid gehad om volgens tradisie hul name in die koorboek te teken.

# Da Capo, die orkeste begin weer

-Joshua van Zijl-



Luan Claassen, Janrich de Necker en Erik Beukes hard aan die oefen!

Soos die nuwe jaar begin, begin ook die orkesbedrywighede en vanjaar het die orkeslede, hul ouers en die personeel sommer al op 12 Januarie met 'n orkesbraai met die deur in die huis geval – 'n eerste in die orkesgeskiedenis. Met 196 ouers en leerders teenwoordig, was dié geleentheid beslis 'n sukses. By dieselfde funksie is 'n nuwe ouerkomitee aangewys wat die orkeste met reëlings en ook fondsinsameling sal bystaan.

Die orkeslede, dirigente en organiseerders het hierna vinnig aan die werk gespring met twee kampe wat in Januarie plaasgevind het. Die Konsert- en Strykorkes was van 21 tot 23 Januarie en die Kitaarorkes en Swingensemble van 27 tot 28 Januarie by Leribisi Lodge.

Volgens mnr. Arnold Cloete (hoof: Uitvoerende Kunste) is daar groot planne vir die jaar vorentoe. Dit sluit in 'n toer van 6 tot 9 Oktober na George vir die Simphonia Festival, 'n nasionale orkesfees wat deur die Suid-Kaap Musiekakademie aangebied word.

# Leërskare gladdebekke by Van Huyssteens

-Gil Hood-

Meer as tagtig Affies het kans gekry om in Maartmaand hulle woord by die Van Huyssteens redenaarskompetisie te doen en AHS se graad 12 Afrikaanse span is uiteindelik as die algehele wenner aangewys.

Die kompetisie, waar spanne én individuele sprekers een uur kry om hulle vir 'n onderwerp voor te berei, is weer by Hoërskool Waterkloof aangebied.

In die Afrikaans-afdeling het daar twee spanne na die finaal deurgedring. In graad 8 was dit die span van Juandré Gerber, Henry Murray, Herman Kluge en Zander Kaltwasser, terwyl die graad 12-span bestaan het uit Karno Goosen, Righardt Pretorius, Damian Mc Donald en Wikus Bornman. Die tweetalige span wat Affies verteenwoordig het, was Ignus Ferreira, Stephan Ehlers, Jonty Swanepoel en Ivan Langeveld. Pieter Wiese in graad 10 het as individuele spreker in die finaal sy man gestaan.

Volgens Ignus Ferreira (graad 12) en Pieter Wiese (graad 10) het dié kompetisie baie waarde omdat dit 'n mens die geleentheid bied om jou boodskap sonder veel voorbereiding en aan 'n onbekende gehoor oor te dra.



Karno Goosen, Righardt Pretorius, Wikus Bornman en Damian Mc Donald was die algehele wenners van die Afrikaans-afdeling.

# AHS Internal Public Speaking Evening wys Engels is nie nét vir rooi, WIT en groen strepe nie

-Gil Hood-

Affies se interne Engelse Redenaarskompetisie op 1 Februarie het sommige Affies dalk laat sweet, maar uiteindelik het álmal hul man in die rooi taal gestaan.

Gil Hood het as senior wenner uit die stryd getree met Luca Bornman wat die junior afdeling gewen het.

Vir die eerste keer is die kompetisie met onvoorbereide toesprake gehou. Deelnemers het twintig minute gehad om voor te berei en moes op hul voete dink om onderwerpe soos beurtkrag, manlikheid en die toekoms te beredeneer. Die aand is deur me. Yvonne Bredell georganiseer, met Affie- en ook oud-Affieonderwysers as beoordelaars.

# Joernalis wat kán praat met Stroom-op-span

-Stef Pretorius-

Van kultuur tot sport, van aktuele gebeure tot skandale en van die gedrukte woord tot op die kassie moes Pieter Jordaan as joernalis en nuusanker al báie stories en gebeure aan duisende lesers en kykers oordra.

Op Woensdag 25 Januarie het hy met die *Stroom-op*-redaksie vergader om meer van die joernalistieke bedryf te vertel en van sy persoonlike ervarings in dié interessante beroep met hulle te deel.



Mnr. Jordaan is gereeld op KykNET se e-Nuus te sien waar hy al die belangrike sportgeleenthede aanbied en ontleed. Op die foto links is hy saam met die redaksie. Van links is Deon Spies, George Gie, Dylan Koegelenberg, Gil Hood, Adriaan Nel, Neil Grobbelaar, Altus Weiman, Andru van Zyl, John Thomas Swanepoel, Tiaan Loots, Joshua van Zijl en Ignus Ferreira. Dieter Schubert was afwesig toe die foto geneem is.

Mnr. Jordaan het in sy praatjie daarop klem gelê dat joernalistiek baie meer as net skryf is, aangesien jy wáre gebeurtenisse en stories van mense so neutraal of objektief as moontlik moet neerpen en oordra.

Dit is jou plig as joernalis om die volle waarheid oor die saak te skryf sonder om jou eie kommentaar daaroor te lewer.

Hy het ook vertel dat hy in sy loopbaan persoonlike verhoudings met sekere mense moes bou om naby genoeg aan 'n storie te kon kom, maar nie só persoonlik dat dit die objektiwiteit van berigte sou beïnvloed nie.

Verder het hy stories van toeka tot nou toe vertel en verduidelik hoe anders die bedryf nou aan die televisienuuskant vir hom is.



Die redaksie luister na een van mnr. Pieter Jordaan se interessante en vermaaklike vertellings – hierdie keer oor 'n storie met 'n slang …

# NIE EENS REËN DEMP VALENTYNSBALGEES

-Adriaan Nel-



Die koor se jaarlikse Valentynsbal het vanjaar weer gesorg vir 'n geskarrel na kaartjies, want al wat leef en beef wou gaan. 'n Nuwe rekordgetal van twee honderd en negentig paartjies kon dié vrolike geleentheid uiteindelik bywoon.

Afgesien van die skoolsaal, is die ouditorium ook ingespan om soveel as moontlik paartjies te akkommodeer.

Die graad 8- en 9-koorlede het weer as kelners opgetree en die gaste voor die hoofgebou ingewag. Selfs die reën kon nie die geesdrif demp nie en daar is heerlik gekuier en gedans.

# 1920-gunstelinge!



Tiaan Loots het einde Februarie 'n veldtog geloods om te bepaal wat die gewildste produk by die kafeteria is.

Hy het 156 seuns tydens sy ondersoek "ondervra" en daar was uiteindelik een GROOT uitskieter – die spek-eier-en-kaas-roosterbroodjie.

Die ondersoek het verder die volgende feite na vore gebring:

30% (47 seuns) kies bogenoemde broodjie
25% (39 seuns) kies 'n hoenderpakkie of "wrap"
15% (24 seuns) kies "slushies"
15% (24 seuns) kies Coke
14% (22 seuns) kies "ander"

*Mnr. Doctor (Tefo) Miya (links) met die gunstelingbestelling by 1920*

# VERJAARSDAG VANJAAR BY AHMP

-Altus Weiman-

AHMP was vanjaar gasvrou vir die twee skole se 103e verjaarsdag en soos altyd was die terrein by die meisies pragtig versier. Die seuns en meisies kon die geleentheid saam geniet met lekker eetgoed en vrolike musiek in die agtergrond.

Die personeel het op hulle beurt in die studentesentrum vergader en heerlik gekuier.

Onder is Izak Bester, Taylor Fraser en Lourens Cornelissen by die Klubhuis se muur.




## KORTLIKS

Die koor en orkeste het tydens die jaarlikse soirée einde Maart weer vir oud en jonk groot vreugde gebring. Kaartjies vir die tafels was reeds vroeg uitverkoop en die gaste is vermaak met kos én musiek uit die boonste rakke.

# VELDSKOOL SLYP GRAAD 9'S TOT SENIORS

-Andru van Zyl en Dylan Koegelenberg-



Foto: Niel Coetzer

*Die graad 9's stap op Doornkloof waar die voortrekker Sarel Cilliers se spore ook lê.*

Die graad 9-manne het die eerste Maandagoggend ná die einde van hulle eksamen in Desember vir hul avontuurkamp na die Doornkloof Voortrekkerkampterrein, net buite Lindley in die Vrystaat, vertrek.

Volgens mnr. Cobus Coetzee was die doel met dié uitstappie om die graad 9's voor te berei om hul plek as seniors by die skool vol te staan. "Dit was nie 'n luukse kamp nie – eerder 'n veldskool met lekker aktiwiteite. Die manne het elke aand by 'n ander kamp geslaap en dan die volgende dag interessante uitdagings aangepak," vertel hy.

Elke groep het 'n interne kompetisie gehad waarvolgens daar daagliks 'n wenner aangewys is. Aktiwiteite het ingesluit potjiekosmaak, boogskiet, hindernisbane en kettieskiet.

Die laaste aand was iets werklik spesiaal. Al die manne het saam onder die sterre gebraai en mnr. Schalk Wessels het ná ete die wenners van die kamp aangekondig. Die geleentheid is op 'n gepaste manier afgesluit met 'n paar Affie-liedjies en die skoollied.

## 'n Kuiertjie saam met Hoofman Naudé

-Gil Hood-



Gil Hood (redakteur) en Naudé Lourens (hoofseun)

*Stroom-op* het in Februarie die gebruiklike kuiertjie met Affies se nuutste hoofman, Naudé Lourens, gehad.

***Het jy in jou eerste jaar op die plaas 'n rolmodel gehad en wat het jy by hom geleer?***

Meester Braham van der Walt was vir my 'n rolmodel. Hy het my geleer dat jy moet deelneem en deur jou voorbeeld moet lei. Ek het by hom geleer wat dit is om 'n Affie te wees deur na sy optrede en houding teenoor ons skool te kyk. Ek was bevoorreg, want hy het sy Affieraaddas vir my gegee.

***Wat beplan jy om ná matriek te doen?***

Ek wil graag BRek by Stellenbosch gaan swot en hoop om plek in die koshuis te kry.

***Wat is jou boodskap vir vanjaar se graad 8's?***

Dat integriteit en respek ongelooflik belangrik is. Ek wil ook graag hê ons moet hulle leer wat Affies vir ons beteken en deur ons voorbeeld vir hulle wys hoe álle seuns hier moet probeer wees en optree – nie net die uitblinkers nie – maar ook doodgewone Affies.

***Wat beteken die skool vir jou?***

Affies is my huis, dis 'n plek waar ek veilig is en ek broers het, 'n plek wat my gevorm het. Ek is tot 'n groot mate vandag die persoon wat ek is vanweë alles wat ek by Affies geleer het en die pêlle wat ek hier gemaak het. Affies is vir my meer as net 'n skool. Dis 'n vormingsplek.

***Wat wil jy bereik as hoofman 2023?***

Ek wil die normale, doodgewone Affie by ons visie vir die skool betrek, nie net die Affieraad of die matrieks nie, maar elke liewe seun wat verdien om 'n Affie te wees. Ek probeer om met die jonger ouens verhoudings te bou en meer toeganklik te wees.

***Hoe balanseer jy al jou buitemuurs, akademie en ander take?***

Die eerste maand was vir my baie besig maar dis nie vir my noodwendig moeite nie, ek geniet dit. Ek het ook besluit om vanjaar te probeer om net elke dag 'n oomblik stil te staan en terug te kyk op wat als gebeur het.

## MELKTERTE ORAL!

-Altus Weiman-

Melktertdag op 27 Februarie was weer besónder genotvol by AHS. Die Affie-ma's het vanjaar gesorg vir 'n volle 700 melkterte. Selfs nadat almal oorgenoeg gehad het, was daar 50 melkterte oor wat na Laerskool Nicolaas Smit geneem is om ook dáár vreugde te bring.



Mpumi Rakhudu (graad 11)

## Affie-pette vir graad 8's van 2023

-Dieter Schubert-

Terwyl die res van Affies vroegoggend nog vas aan die slaap was, het die nuwe graad 8's op Maandag 8 Januarie reeds in die skoolsaal vergader om hulle Affie-loopbaan met die inskakelingsprogram op 'n hoë noot af te skop.

In dié paar dae kon hulle meer van Affies se bedrywighede leer en toe die skool teen Woensdag begin, was hulle reg om tydens die jaarlikse muurstoot die mure van tradisie stewig regop te hou.

Vir die res van die week het die manne se stemme deur die rooibaksteengeboue weergalm soos wat hulle gegroet en Affies se liedjies uit volle bors gesing het. Die groep het teen Vrydag vir die graad 8-kamp na Zwartkloof vertrek.

Die matriek-Affieraad was uiteindelik trots om te kan sê dat die manne almal hulle Affie-toets geslaag het. Soos een van die Affieraadslede gesê het: "Sommige van hulle dalk nie die éérste keer nie, maar deur is deur."

Daar was groot vreugde op die manne se gesigte toe hulle tydens die inhuldigingsaand op 25 Januarie uiteindelik volwaardige Affies kon word.



Meester Ignus Ferreira sit tydens die inhuldiging in die saal sý groep jongmanne se pette op. By hom is hoofman Naudé Lourens.

# VALENTYNSDAGVREUGDE!

-Adriaan Nel-



Hierdie groep Affie-manne was beslis ‘n treffer onder die meisies van AHMP. Neil Grobbelaar, Fredrich Coetzer, Gustav Vogel en Liam Webber-Youngman het rooi rose uitgedeel in die hoop dat hulle dalk ná Valentynsdag ook ‘n selfoonnommer sal ryker wees.

Op 14 Februarie was daar groot opgewondenheid onder die manne. Daar is baie beplanning gedoen en afgesien van die "liniaaltjie van liefde" wat elke meisie vroegoggend by AHMP ontvang het, moes die manne wat ‘n eie spesiale meisie het, bontstaan met warm sjokolade, rooi rose of wollerige beertjies (soos Petrus van der Merwe op die foto bo).

In pouse het die meisies kom kuier en hulle is in styl ingewag deur ‘n leërskare Affie-manne met groen donkerbrille wat AHMP vroeër die oggend by die skool afgelaai het.

Hulle het ook elk ‘n anonieme hartjiebriefie ontvang, wat iedere Affie baie populêr onder die skoner geslag laat voel het – al was dit dan net vir één dag.

# Krieket maak twee Kaapse draaie



-Andru van Zyl-

Affies kan terugkyk op ‘n baie suksesvolle krieketseisoen.

Die Witkolwe en o.15-span het, oudergewoonte, die jaar op die krieketveld afgeskop nog voordat hulle ‘n voet in die klaskamers gesit het.

Van 10 tot 15 Januarie het hulle in die Peninsula Kriekettoernooi in die Kaap gespeel, waar hulle met Wynberg Boys' High School, St. Charles College, South African College High School (SACS), Bishops Diocesan College en Hilton College kragte gemeet het. Die manne het tydens die toer ook ‘n wedstryd van die splinternuwe SA20-krieketreeks bygewoon en kon kyk hoe Dewald Brevis (oud-Affie 2020) vir die MI Cape Town-span lopies aanteken.

Die eerste kwartaal was ‘n baie besige tyd vir ál die skool se krieketspanne, maar daar is vanjaar heelwat wedstryde weens reënbuie afgestel.

Baie van Affies se krieketspelers het in Februarie vir die tweede keer Kaap toe gevlieg. Dit was hierdie keer die o.14A-, o.15A-, die tweede span en die Witkolwe wat wedstryde teen Paul Roos Gimnasium, Rondebosch Boys' High en Wynberg Boys' High gespeel het. Die o.14A's keer onoorwonne terug, terwyl die o.15-span teen Paul Roos verloor, gelykop speel teen Wynberg en maklik wen teen Rondebosch. Die tweede span het teen Paul Roos gewen, maar teen Wynberg en Rondebosch verloor. Die eerste span moes hierdie keer die knie buig teen Wynberg, nadat hulle in Januarie ‘n oorwinning teen dié span behaal het.

# Oud-Affiebond onder nuwe bestuur



Die nuwe dagbestuur wat die leisels van die oud-Affiebond oorneem, is mnre. Francois Koch (penningmeester), Nicki Maritz (voorsitter), John Jones (ondervoorsitter) en David Pretorius.

# Om te skenk of nie te skenk nie?

-Gil Hood-

Die seuns het op Maandag 6 Februarie die kans gehad om vir die eerste keer vanjaar vir Affies te bloei. Afgesien van die meer edele motiewe om lewens te red, wou *Stroom-op* weet of daar ook dalk méér agter die bloedskenkbesluit van die manne is.

*Hoekom skenk jy bloed?*

- Om Afrikaans te mis.
- Dis ‘n lekker kuiergeleentheid met my pêlle.
- Dis goed vir my bloeddruk en ystervlakke.
- Ek geniet die koekies en die Breakfast Punch-sap-"slap".

*Hoekom skenk jy nié bloed nie?*

- Ek is te bang om Wetenskap te mis, juffrou Botha sal my afslag.
- Ek's bang vir naalde.
- Ek het ‘n tekort aan minerale en sal doodgaan as ek bloed verloor.
- Die laaste keer wat ek geskenk het, was nie ‘n positiewe ervaring vir my óf die persoon wat my probeer help het nie.

En daar het jy dit – ‘n lys redes aan albei kante van dié argument. Maar uiteindelik is die enigste vraag van belang die volgende: "Het jy op 6 Februarie gehelp om drie mense se lewe te red, of nie?" Want so klop Affie-bloed ook in ánder harte!



Xander Kruger in graad 11

# *Oud-Affies* *speel krieket teen die Witkolwe*

Die oud-Affie-elftal, met spelers soos Jacques Rudolph (matriek 1999) en Affie-bekendes Driaan Bruwer (2013) en Affie-onderwyser Janko Dreyer (2023) het einde Januarie die eerste krieketspan op die A-veld die stryd aangesê.

Die oud-Affies het eerste gekolf en 268 lopies aangeteken voor die laaste pen met die voorlaaste bal gekantel het.

Die eerste span slaan 217/7 in 44.3 boulbeurte voordat die weerlig die spel beëindig. Die wedstryd, wat in wonderlike gees gespeel is, eindig onbeslis.



# KORTLIKS

- Dr. Pierre Edwards (voormalige hoof en matriek 1970) is deur Akademia as die eerste bekleër van die ereleerstoel vir onderwysleierskap vereer.
- Neil Wagner (matriek 2004) van die Nieu-Seelandse toetskrieketspan het in Februarie die sesde bouler in dié land geword om 800 paaltjies in eersterangse krieket te neem.
- Kruger van Wyk (matriek 1998) is einde Februarie as voltydse veldwerkafrigter by die Proteas se toetskrieketspan aangestel.

# WIE SOU KON DINK DAT 'N HARTEBEES KAN SWEM?

-George Gie-



Gustav Bond in graad 12

Foto: Anroux van Zyl

Die tradisie van koshuis wat nie kan swem nie, leef voort vir nóg 'n jaar want alhoewel 'n hartebees 'n landdier is, is swem beslis op die Affie-hartebeeste se lysie van gawes. Die rooi span is vanjaar huis toe met die swembeker sowel as die geesbeker!

Moet egter nie dink dat dit maklik gekom het nie! Die dreunsang van die pawiljoene kon kilometers ver gehoor word soos die seuns van al drie spanne uitgehaal en gewys het. Selfs mnr. Geertsema het beïndruk gelyk!

Daar was wel hoop op ons koshuisbroers se gesigte toe die koshuisdirigent, Richard Pretorius, vir die tweede keer as dirigent van die dag aangewys is, maar hulle is slegs met herinneringe terug (kos)huis toe nadat die Hartebeeste die prys vir die beste dirigente-groep ingepalm het. Die koshuis brand natuurlik om later vanjaar die telbord by die Koshuis/Dorp-kragmetings reg te stel.

Almal weet dat arende nie kan swem nie, maar Reubenne Vlok was vanjaar 'n uitsondering op die reël toe hy die junior victor ludorum-toekenning vir die koshuis ingepalm het. Ricardo Rebelo (Koedoes) en Christian Esterhuysen (Hartebeeste) het die titel as senior victor ludorum gedeel.



Reubenne Vlok (graad 9)



Ricardo Rebelo (graad 12)



Christian Esterhuysen (graad 10)



Die sweminterhuis was vanjaar weer by Hillcrest-swembad en die manne (en die personeel) het vroegoggend in hul hordes die staptog soontoe aangepak.

# 'n Vuurwarm Interhuis – letterlik én figuurlik!

-George Gie-



Die atlete én die ondersteuners het op 13 Januarie vanjaar gekook tydens die jaarlikse atletiekinterhuis. Veral die Koedoedirigente was braaf en het dié warm dag aangedurf in langmouoorpakke. Hulle het dalk nie gebrand nie, maar hul het beslis gebrul.

Die pawiljoen was tjok en blok toe die Hartebeeste, Koedoes en Koshuis mekaar op die atletiekbaan die stryd aangesê het.

Koshuis wen wéér die atletiekbeker, maar val vas wat die geesbeker betref. Die Hartebeeste was baas op die pawiljoen en met die geraas was die afkondigings skaars hoorbaar. Watergewere was volop – die matrieks se manier om die hitte te trotseer.

Die graad 8's het veral vanjaar belofte getoon en het die rekords een na die ander laat spat – 'n riem onder die hart van elke matriek.

Die dag is afgesluit met die skoolliedere voordat almal moeg, maar tevrede kon huis toe gaan.

Dewald Bezuidenhout en Albert Smit was onderskeidelik junior en senior victor ludorum.



Dewald Bezuidenhout



Albert Smit



Koshuis

# 207 skaakspelers by eerste Affie-ope


'n Volle 207 skaakspelers het aan die begin van Maart by AHS saamgetrek vir die eerste Affie Ope Skaaktoernooi. Die skoolterrein het gewemel van kleuters, laer- en hoërskoolleerders en selfs 'n paar volwassenes met 'n liefde vir skaak. Almal het volgens hul onderskeie skaakgraderings in ses afdelings deelgeneem.


Die Affie-skaakspelers het goed rekenskap van hulself gegee en Christopher Jansen van Vuuren en Jaco Olivier (albei graad 8) het elk 'n podiumplek verower.

Tshwane Skaak het die administrasie vir dié geleentheid behartig en daar was R8 600 se kontantpryse, sowel as medaljes op die spel.

Affies hoop om dié ope volgende jaar weer aan te bied.







Christiaan Burger (graad 10) dink diep oor sy volgende skuif. Regs bo is Jaco Olivier wat 'n derde plek in D2 behaal het. In die B-afdeling het Christopher Jansen van Vuuren ook 'n derde plek behaal.



Hartebeeste



Koedoes

# Atletiekinterhoër wéér onvergeetlik vir elke Affie

-Deon Spies-

'n Bloedige warm somersoggend, atlete wat al maande lank vir díe geleentheid voorberei het en 'n magdom ondersteuners wat die pawiljoene laat weergalm met sang, krete en gees. Só kan die 2023 A-bond-atletiekinterhoër by die Pilditch Stadion opgesom word.

Die Affie-atlete het goed presteer op die baan én veld met 'n uitslag wat getuig van harde werk, volharding en spanwerk. Die skool het skoonskip gemaak en die afdelingstrofees vir beste spronge, hekkies, naellope, worpe, middelafstande en aflosse gewen voordat as beste span in die seunsafdeling aangewys is – die elfde jaar agtereenvolgens. Die Hoërskool Menlopark was tweede en Hoërskool Waterkloof derde.

Die busse met ondersteuners het op 24 Februarie ongeveer 8:00 van die skool af vertrek, maar as gevolg van swaar verkeer was die rit langer as verwag. Hoewel dié vertraging vir baie manne ongerieflik was, het dit nie die sowat 1 300 Affies verhinder om reeds op die busse 'n bietjie gees te vang nie.

Ander skole mag dalk hiervan verskil, maar volgens *Stroom-op* het AHS weer, soos elke jaar, vir seker die beste gees gehad. Die ses nuutverkose dirigente het kans gekry om hulself te bewys en het op die wysie van "Power" by die volgepakte stadion ingestap.

As kroon op die suksesvolle atletiekseisoen het die atlete hul segetog 'n week later by die NWU-PUK Interhoër op Pilditch voortgesit. Affies het die kompetisie gewen, met Helpmekaar Kollege tweede en Hoërskool Waterkloof in die derde plek. Emil Els is ook aangewys as junior victor ludorum vir sy prestasie in die 800 m en 1 500 m (sien berig elders op die bladsy).

Veertien Affies het die provinsie van 23 tot 25 Maart by die SA kampioenskap in Pietermaritzburg verteenwoordig.



Foto: Thean Harding

## Swemmers presteer – reënweer ten spyt

-Andru van Zyl-

Die A-swemspan het op 13 Februarie op 'n reënerige dag by die Hillcrest-swembad aan die A-liga interhoër deelgeneem en afgesien van die voordeel wat hulle gehad het om met hul lywe te spog nét voor Valentynsdag, het hulle ook 'n eerste plek losgeswem – 'n eer wat hulle vanjaar met Die Hoërskool Menlopark deel.

Selfs met 'n klein groep ondersteuners teenwoordig, het die Affie-swemmers álles uitgehaal. Die o.16-aflosspan het 'n byeenkomsrekord verbeter in die 4 x 50 m-vryslagaflos en het met dié prestasie bygedra tot die gesamentlike eerste plek in die seunsafdeling.

Pretoria Boys High School het met die derde plek in dié afdeling gespog. Ander skole wat deelgeneem het was Midstream College, Zwartkop, Waterkloof, Cornwall Hill en Garsfontein.



Foto: Natalie Goetsche

## Ses rekords vir Emil



Die jong middelafstandatleet Emil Els (graad 8) het die afgelope atletiekseisoen selfs die media met sy prestasies aan die praat.

Hy het ses rekords laat spat, een daarvan 'n 800 m-rekord wat al 46 jaar staan. Dié rekord is tydens die interhuis in 1977 deur oud-Affie Pieter Steyn (matriek 1981) opgestel. By dieselfde byeenkoms het hy die twintigjaaroue rekord in die 1 500 m verbeter.

Ook by die A-bond interhoër het hy die rekord in altwee die middelafstanditems verbeter. Nog was het einde niet, want by die NWU Super-interhoër (foto regs) het hy met 'n rekordtyd van 1:58.84 die 800 m vir die eerste keer in minder as twee minute gehardloop. Die 1 500 m het hy sewe sekondes vinniger gehardloop en 'n nuwer rekord van 4:13.48 opgestel.

## Nasionale kleure vir jong tennisspeler!



JP Snyman in graad 8 was deel van die SA O.14-span wat in Januarie in Zimbabwe aan die ITF/CAT Southern Africa Junior Individual and Teams Kampioenskap deelgeneem het.

Die SA O.14's het die spankompetisie gewen deur Madagaskar in die finaal te klop. JP eindig vierde in die individuele kompetisie.

Die o.14-seunspan kwalifiseer hiermee om in Junie of Julie aan die Afrika Spankampioenskap deel te neem, waar die verskillende streekwenners uit Afrika sake gaan uitspook.

Die kompetisie word georganiseer deur die Konfederasie van Afrika Tennis in samewerking met die International Tennis Federation en Tennis Zimbabwe.

Afgesien van sy tennisprestasies, het JP het ook 'n trotse Affie-geskiedenis. Sy pa, Tiaan, was 'n provinsiale rugbyspeler en onderhoofseun in 1998. In sy tyd by AHS het hy begin om die skool se rugbystatistiek op datum te hou – 'n taak waarmee sý pa (en JP se oupa) vandag steeds volhou.

JP is boonop onlangs gekies om aan die O.14 Afrika Juniors deel te neem wat van 10 tot 23 Maart in Togo plaasvind.

## KORTLIKS

- Die wintersportseisoen is reeds voluit aan die gang. Meer as 420 seuns het op 10 Maart op busse geklim om aan die eerste rugbywedstryde in Kimberley teen die Noord-Kaapse skole te gaan deelneem.
- Hokkie is ook reeds op volle vaart. Die spanne het hul eerste wedstryde vroeg in Maart teen Eldoraigne gespeel en uitstekend gevaar. Kort daarna het vyf spanne teen Helpmekaar kragte gemeet waar die Witstokke met 4-0 gewen het. Ook in die Aprilvakansie het die manne met hul talente gewoeker en in hul onderskeie ouderdomsgroepe aan verskeie toernooie, soos die Founders Festival deelgeneem.
- Vier en veertig Affie-fietsryers het op 10 Maart die seisoen ingelui met 'n oefenkamp naby Sabie, waar hulle aan hul vaardighede en fiksheid gewerk het.
- Divan de Vries het einde Maart 'n bronsmedalje gewen by die o.17-afdeling van die Suid-Afrikaanse Driekamp-kampioenskap (Triathlon) wat in Gqeberha (Port Elizabeth) plaasgevind het. Die wedloop het bestaan uit 750 m swem, 20 km fietsry, en laastens 'n hardloopbeen van 5 km.

